LAERSKOOL VOORPOS

Tel: 012 332-2534 Faks: 012 332-3055 E-pos: lvp@laerskool-voorpos.co.za
Cunninghamlaan 1354, Waverley, Pretoria, 0186
www.laerskool-voorpos.co.za

Klein dade lei tot groot gevolge

Omsendbrief 080 van 2020 24 Junie 2020

Geagte Ouers/Voogde

AANLYNREGISTRASIEPROSES: GRAAD 1 VIR 2021 (25 JUNIE TOT 25 JULIE 2020)

Ouers wat wil aansoek doen vir hulle kinders by Laerskool Voorpos vir graad 1 in 2021 moet asseblief op die volgende let:

Aansoeke vir graad 1 by alle openbare skole in Gauteng moet deur die aanlynstelsel geskied, selfs al het u reeds die skool se registrasievorm ingevul en ingestuur. Die skool moet deur hierdie stelsel aan die departement verslag doen dat u kind plek in die skool het.

Elke ouer is self daarvoor verantwoordelik om vir sy/haar kind aansoek te doen.

U moet asseblief ook kennis neem dat die skool ongelukkig nie oop is sodat u die geriewe kan kom gebruik om die aansoek te prosesseer nie. U is welkom om solank die voltooide inskrywingsvorm sowel as die relevante dokumente na inskrywings@laerskool-voorpos.co.za te e-pos. Let wel: Al het u reeds die nodige dokumentasie per e-pos gestuur, kan ons ongelukkig nie u kind se plekkie in graad 1 by Laerskool Voorpos waarborg nie - alvorens u nie aanvaardingsbevestiging vanaf die Departement van Onderwys ontvang het nie.

- Die aanlynregistrasieproses is oop vanaf **25 Junie om 08:00 tot 25 Julie om 24:00**.
- Gaan na www.gdeadmissions.gov.za
- Hou u ID-nommer en u kind se ID-nommer byderhand vir die registrasie.

Stap 1: Klik op die "*Login*" opsie om te registreer sodat u u wagwoord kan ontvang. U sal merk dat die opsie om te registreer onderaan die blokkie is. Daarvoor gebruik u u ID-nommer. U behoort 'n SMS te kry om te bevestig.

Voer die ouerinligting noukeurig in, presies soos dit op u ID-dokument staan. U gaan dan die Voorwaardes moet aanvaar sodat u met die proses kan aangaan. Maak

seker dat u u woonadres korrek insit sodat die sisteem dit kan optel. U hoef slegs die werksadres in te sit indien u beplan om dit te gebruik om by die skool aansoek te doen.

Hierna klik u op ***"Submit"***. Stoor die gebruikersnaam en kodewoord vir latere gebruik. Dit word ook aan u ge-SMS.

Indien hierdie stap voltooi is, gaan na **stap 2**.

Stap 2: Klik op "*Register Learner*". Dit aktiveer die vorm waarop u kind se inligting ingevul moet word. Voltooi vervolgens die leerderinligting. U sal gevra word om aan te dui of u kind tans in graad R of in ECD (ander kleuterskole) is. Indien dit die geval is, moet u die instansie se naam invul.

Klik op "*Submit*, sodat u dit kan gebruik om amptelik aansoek te doen by die volgende stap.

Stap 3: ("Application"): Ouers kan aansoek doen by 'n spesifieke skool op grond van huisadres, broer of suster reeds in die skool of werksadres. U moet dan die opsie kies wat u gaan gebruik vir die aansoek. Skole sal daarvolgens as opsies op u skerm verskyn.

Let op dat u nie vir Gr 1 die opsie "Vorige skool" kan gebruik nie, al was u kind in graad R in Voorpos. Hierdie opsie geld slegs vir aansoeke vir leerders na graad 8 toe.

Gebruik altyd die adres naaste aan die skool as u verwysing. U het ook die opsie om u dokumente op die sisteem te laai in PDF-formaat. Ons beveel egter aan dat u dit eerder na die skool toe e-pos by inskrywings@laerskool-voorpos.co.za. Baie dankie aan ouers wat dit reeds gedoen het.

- Wanneer u op ***"Submit Applications"*** klik, sal u 'n bevestigingsnommer van u registrasie ontvang. Dit dien as bewys dat u wel aansoek gedoen het. Hierdie is 'n lang nommer wat onder andere sekere besonderhede van die skool bevat. U moet hierdie nommer neerskryf.

- U moet asseblief hierdie nommer na inskrywings@laerskool-voorpos.co.za stuur. Indien u reeds die skool se registrasievorm ingestuur het saam met die dokumentasie, het ons hierdie nommer nodig om by u rekord te voeg. Stuur dan asseblief net u kind se naam, van en die W-nommer na inskrywings@laerskool-voorpos.co.za.

- U sal 'n SMS ontvang van die Departement van Onderwys wat u aansoek bevestig.

Indien u nog nie die skool se registrasievorm voltooi het nie, kan u dit ook by bogenoemde e-pos adres aanvra wanneer u u nommer deurstuur.

BAIE BELANGRIK. Nadat u die aanlynregistrasieproses voltooi het, moet u asseblief die 'W'-nommer aan inskrywings@laerskool-voorpos.co.za stuur. U moet asseblief binne 7 dae na die aanlyn registrasieproses suksesvol afgehandel is aan Mev Marie Drotsky die voltooide inskrywingsvorm en alle relevante dokumentasie e-pos by bogenoemde adres. Die relevante dokumente sluit in:

- Die bewys van u woonadres/ werksadres – verkieslik 'n munisipale rekening:
- Leerder se immuniseringskaart
- Leerder se geboortesertifikaat
- Beide ouers/voogde se ID-dokumente
- Bewys van rekeningpligtige se permanente woon- en posadres
- Afskrif van egskeidingsbevel (indien van toepassing)
- Beëdigde verklaring indien enkelouer en toepaslike redes

U hoef dit nie weer aan te stuur indien u dit reeds gedoen het en ontvangserkenning gekry het nie.

Indien enige van hierdie dokumente na 7 dae van u aanlynaansoek nog uitstaande is, staan u 'n kans dat u kind se plek in die skool verbeur word.

Die skool onderneem om u in kennis te stel indien daar enige verandering in die aansoekproses aangekondig sou word. U word ook aangemoedig om die nuus dop te hou vir aankondigings in die verband.

Ons heg ook die amptelike inligtingstuk vir u gerief aan. Dit verduidelik alles vir u stap-vir-stap.

Vriendelike Voriegroete

Mnr JA van der Westhuizen
WAARNEMENDE SKOOLHOOF